# 469. GELUKKIG IS DIE MENS

```
       C     F      C
1.     Gelukkig is die mens
          Dm         G  C
       wat op Yahshua bou.
                  F       C
       Yahweh sal in ons nood
         F    Dm     G  C
       Sy hande om ons hou.
          G      C      G
       Dié wat op Hom vertrou,
            C      D        G
       hoef vir geen kwaad te vrees.
         F            Dm
       Hy wil en kan en sal
         G                C
       vir ons ‘n toevlug wees.

       C     F      C
2.     Gelukkig is die huis
          Dm             G  C
       wat Yahweh het as Vriend.
                      F      C
       Hy maak Hom by hul tuis,
              F    Dm   G  C
       skenk vrede onverdiend.
          G      C      G
       Vrymoedig kan hul vra,
         C     D     G
       Hy sal hul dit laat vind.
           F             Dm
       Ons stry, ons ly, ons val,
         G                C
       maar bly aan Hom verbind.

       C     F      C
3.     Gelukkig is die volk
          Dm          G  C
       wat luister na Sy Woord,
                     F    C
       wat lees wat daarin staan
           F       Dm     G  C
       en doen soos wat dit hoort.
            G     C      G
       Waar U vergeef, versoen,
            C     D      G
       leer ons dit ook te doen.
            F                Dm
       Ons eer, ons prys, ons dank
          G              C
       Yahweh nou lewenslank.
```

```
         C          F          C
4.       Gelukkig dan die land
           Dm              G  C
         wat U ook so beskerm.
                      F              C
         U bly, deur moord en brand,
          F        Dm        G  C
         U daaroor nog ontferm.
          G         C        G
         U almag stel 'n perk
            C       D        G
         aan satan en sy werk.
             F                   Dm
         Wie glo, hoef nie te vrees,
          G                  C
         U sal 'n toevlug wees.

            C        F      C
5.       Ons eer U, Elohim,
           Dm             G  C
         U wat vir ewig leef.
                       F         C
         Hoe diep sny U gebod
            F      Dm     G  C
         van liefhê en vergeef!
            G       C           G
         Wie op U bystand wag,
           C          D        G
         gee U weer nuwe krag.
          F                       Dm
         U kom: vergeef, laat leef –
           G                      C
         só, Yahweh, blyk U mag.
```